

# “*Things not to do*”

Gerhard Botha



**A**lmal van ons weet elke dag wat ons moet doen. Dit word *to do* lysies, in ons dagboeke, op stukkies papier en in ons kop. Kontroleer ons hierdie lysies is daar 'n sekere patroon, 'n ritme wat eintlik die polsslag van ons dagtaak word. Beskou ons hulle eerlik en opreg besef ons dat dit die dinge is waarvoor ons kans sien, dinge waarmee ons gemaklik is. Take wat my nie te ver *stretch* nie, sodat ek nie uit my *comfort zone* val nie. Indien daar wel so 'n een is om *to do*, word hy gewoonlik dag vir dag oorgedra tot dit onmoontlik is om hom te ignoreer.

**M**iskien moet ons eers met Moses (die Engelse een) kennis maak. Moses weet waar bly al die *Baruti*. Hyself 'n tipe van 'n lekeprediker. Ken die Bybel. Het een. Onder sy arm. Maar Moses bedel. Moses jok soos mense wat bedel soms moet maak om hulle storie meer trefkrag te gee wat 'n oper hand tot gevolg sal hê. Moses vertel van sy siek vrou en van die *transport* en van die sondaars

wat hom besteel. Moses praat baie mooi en presies Afrikaans. Hy drink nie – dit is die waarheid. Daarom speel siekte van familie 'n groot rol in hart-sagmaak-stories. As hy jou leer ken, maak hy 'n deeglike studie van dit wat jy graag oor praat. Byvoorbeeld die Bybel. Wie – en veral die *baruti* – sal nou nie 'n teologiese gesprek oor die Bybel by die voorhekkie wil voer nie. Moses kon self 'n *moruti* geword het. Hy het al die *skills*. Moses sou motors, polisse of wat ook al kon verkoop. Maar Moses (onthou die Engelse een) het net 'n paar honderd rand nodig om gemaklik te leef (hy het nie 'n vrou nie – al is sy so baie siek). En daarvoor gebruik hy elke moontlik kreatiewe denkproses tot sy beskikking en hy bly in sy gemaksone - en kom reg.

**N**ou, terug by ons *to do* of “kom maar reg” lysies. Hierdie lysies vra dringende riglyne – anders doen ons gewoonlik onbewustelik en met kreatiewe effektiwiteit dieselfde as Moses. Ons het meer as geld nodig. Daar is soms doelwitte of doelbewus geen doelwitte wat my dag - en doen lysies moet bepaal. Die kerkraad wil verslag hê. “En eintlik weet hulle ek is 'n *admin*-dominee.” Nog 'n paar *admin* goedjies op jou *to do*. Jou lessenaar,

**Identifiseer jou voorkeure en skryf langs hulle “not to do.” Al voel hulle hoog prioriteit. Begin die dag met die dinge waarvoor jy regtig nie kans sien nie. Na 'n paar weke sal hierdie take hulle monsteragtigheid verloor.**

so deurme-kaar, is deel van 'n man wat besig is se *image*. Plaas die lessenaar reg-pak *to do* oor na volgende Maandag se kolom met dieselfde op-

skrif. Maak liewer nou eers 'n paar oproepe. Moet besig lyk. Ry gou en gaan koop 'n koerant. 'n Koe-

rant wat gekoop is, moet gelees word. En so klim jy vanaand moeg in die bed, nie omdat jou dag so vol was nie, maar omdat al die dinge wat jy nie gedoen het nie jou met verloop van tyd ontsettend tam maak.

As ons wil groei met ons bestuur van onself en in die bestuur van ons tyd dan waag ek die volgende wenke:

- *Prioritiseer jou to do lysie. Dit is volgens die prioriteite wat jou opdrag sou uitspel of die jaar se doelwitte of die bedieningsnood van die gemeente. (Dit kan huisbesoek wees.)*
- *Identifiseer jou voorkeure en skryf langs hulle "not to do." Al voel hulle hoog prioriteit. Begin die dag met die dinge waarvoor jy regtig nie kans sien nie. Na 'n paar weke sal hierdie take hulle monsteragtigheid verloor. Hier kan ons iets leer by Kevin Conroy wat sê: "Living for a while with the alligators while draining the swamp may save far more time than killing them."*
- *Om dus vry te wees van kreatiewe optrede wat my hou by die take waarmee ek gemaklik is, moet ons dit dus doelbewus bestuur. Kreatiwiteit moet my altyd 'n bietjie stretch. Die volgende vrae kan my help om my dag optimaal en effektief deur te bring:*
  - *Wat word van my verwag?*
  - *Wat hou vir my bediening/gemeente die grootste voordeel in?*
  - *Watter take wat ek nie doen nie, maak my so moeg?*
  - *Wat gaan gebeur as ek hierdie taak uitlos – not to do?*

Die antwoord op bogenoemde sal my help om te prioritiseer. Dit is die *things to do!* Wanneer ons prioriteite uitgespel is, gaan ons *things not to do*, baie maklik wees om neer te pen.

Maak dus van vandag en elke dag vorentoe 'n meesterstuk. Breek deur die grense van 'n *comfort zone* wat net frustrasie en onvervulling in ons bediening tot gevolg het. John Maxwell gee praktiese "net vir vandag"-riglyne wat ons kan volg om seker te maak elke dag tel. Ek laat dit by jou:

**"Living for a while with the alligators while draining the swamp may save far more time than killing them."**

- *"Net vir vandag...gaan ek die regte gesindheid uitkies en openbaar.*
- *Net vir vandag...gaan ek goeie waardes onderskryf en uitleef.*
- *Net vir vandag...gaan ek met my gesin kommunikeer en na hulle omsien.*
- *Net vir vandag...gaan ek gesonde riglyne daarstel en hulle navolg.*
- *Net vir vandag...gaan ek belangrike prioriteite bepaal en aan hulle voorkeur gee.*
- *Net vir vandag...gaan ek verantwoordelikheid aanvaar en daarvolgens optree.*
- *Net vir vandag...gaan ek behoorlike verbintnisse aangaan en hulle nakom.*
- *Net vir vandag...gaan ek stewige verhoudings aanknoop en in hulle belê.*
- *Net vir vandag...gaan ek die geld wat ek verdien behoorlik bestuur.*
- *Net vir vandag...gaan ek my geloof verdiep en dit voortaan daaglik uitleef.*
- *Net vir vandag...gaan ek daarna streef om myself te verbeter en daarvolgens lewe.*
- *Net vir vandag...gaan ek onderneem om vrygewig te wees en dan so optree.*
- *Net vir vandag...gaan ek hierdie besluite deurvoer en hierdie dissiplines beoefen,*

en dan

Eendag ... gaan ek die kumulatiewe gevolge sien van 'n dag toe ek voluit geleef het."